

MAANDELIKSE markoorsig



JANUARIE 2025
IN OORSIG

EKONOMIESE- EN MARKOORSIG

Die inhuldiging van die 60^{ste} president van Amerika het op 20 Januarie 2025 plaasgevind en het Donald Trump se tweede termyn as president en J.D. Vance se termyn as visepresident ingelei. Weens baie koue en winderige weer, is die seremonie binne die Amerikaanse kongresgebou gehou. Dit was die eerste binnenshuise presidentsinhuldiging sedert Ronald Reagan s'n in 1985. Trump se toespraak het baie klem op eenheid geplaas, maar het ook gefokus op sy ekspansionistiese agenda, die Demokrate, ander wêreldleiers en basies enigiemand wat van hom verskil, gekritiseer.

Kort na sy inhuldiging het President Trump uitvoerende opdragte (saam met dosyne ander opdragte) uitgereik vir nuwe of bykomende tariewe op invoere uit Meksiko, Kanada en China. Hy het ook verskeie ander lande met nuwe tariewe gedreig. Nog voor die volle impak van hierdie tariewe op bilaterale handel ondersoek kon word, het Trump eers weer halt geroep en ingestem om die tariewe teen Meksiko en Kanada met 'n maand uit te stel. Dit het gevolg na onderhandelinge met die leiers van hierdie twee lande, maar die Chinese tariewe het steeds vanaf vroeg-Februarie in werking getree.

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) het na die Monetêre Beleidskomitee (MBK) se vergadering in Januarie die repokoers vir die derde agtereenvolgende keer met 0.25% verlaag en daarmee die teikenkoers op 7.5% te staan gebring. Hierdie wyd-verwagte aanpassing is kort na die MBK se eerste vergadering van 2025 deur die SARB-goewerneur, Lesetja Kganyago, aangekondig. Wat verdere verlagings in 2025 te midde van 'n onsekere globale omgewing betref, sal daar met omsigtigheid omgegaan word. Goeie nuus is dat Suid-Afrikaanse inflasie nou binne die Reserwebank se teikenband van 3% tot 6% is, met die Verbruikersprysindeks (VPI) op 3% vir Desember.

Die Amerikaanse Federale Reserweraad het rentekoerse onveranderd gelaat na die vergadering van die Federale Opemarkkonomie (FOMK) op 29 Januarie. Volgens die Fed-voorsitter, Jerome Powell, is daar geen haas om rentekoerse verder te verlaag totdat beide inflasie- en werkloosheidsdata dit vereis nie. Dié besluit en Powell se opmerkings plaas die FOMK se beleid vir eers op ys terwyl die Amerikaanse ekonomiese landskap beide stabiel én totaal onseker voorkom. As 'n stel goeie makro-ekonomiese beginsels wat oor die afgelope paar maande weinig verander het, kan die Trump-administrasie se besluite rakende immigrasie, tariewe, belasting en ander onderwerpe 'n groot impak op die beleid hê. Die FOMK het verder aangedui dat inflasievrese die rede vir hierdie onderbreking in die dalende rentekoerssiklus was.

Die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) het hul jongste Wêreld Ekonomiese Vooruitsig bekend gestel wat wêreldwye groei van 3.3% vir beide 2025 en 2026 voorspel. Hierdie voorspelling is steeds breedweg in lyn met die Oktober 2024-voorspelling, met 'n opwaartse aanpassing in Amerika wat afwaartse aanpassings elders balanseer. Die Wêreldbank het ook hul Globale Ekonomiese Vooruitsig gepubliseer met hul vooruitskatting dat wêreldwye groei in 2025-2026 op 2.7% sal bly staan. Hierdie groeikoers is ongelukkig nie voldoende om volhoubare ekonomiese ontwikkeling te bevorder nie, veral in ontwikkelende en ontluikende mark-ekonomieë.



MARKPRESTASIE

Aandelemarkte wêreldwyd het die jaar sterk afgeskop met veral Europese en Britse aandele wat sterk herstel getoon het na laas jaar se relatiewe onderprestasie teenoor Amerika.

Die FTSE 100-indeks in Londen het met 6.2% gegroei in pond sterling, terwyl Europese markte 8.1% in euro gestyg het. Die S&P 500-indeks het die sterk prestasie van 2024 voortgesit en die maand 2.8% hoër in Amerikaanse dollar afgesluit. Markopbrengste in Amerika is deur die beduidende onderprestasie van tegnologie-aandele beïnvloed na bewerings dat DeepSeek, 'n Chinese kunsmatige intelligensie-maatskappy, meer doeltreffende tegnologie ontwikkel het as dié van hul teenstanders in Amerika.

Suid-Afrikaanse aandele het met 'n gemiddeld van 2.3% in Januarie gestyg, hoofsaaklik te danke aan hulpbronmaatskappye wat teen die einde van die maand met meer as 16% gegroei het. Sasol (+69%) en Harmony Gold (+42%) was aan die voortou onder die plaaslik-genoteerde maatskappye.

Globale effektekoerse het die maand effens hoër afgesluit aangesien beleidsonsekerheid steeds hoog was en bygedra het tot die risiko dat inflasie kan styg en daarmee die rentekoersverlagingsiklus kan onderbreek. Suid-Afrikaanse staatseffekte (0.4%) en die rand was in die eerste paar dae van die maand redelik onder druk aangesien beleggings sentiment teenoor ontluikende markte 'n negatiewe draai gemaak het. Effekte en die rand het daarna egter beide herstel aangesien die nuwe Amerikaanse administrasie minder aggressief was as wat verwag is (vir nou). In die laaste week van die maand was daar 'n styging in onbestendigheid weens kommer oor die volhoubaarheid van die Regering van Nasionale Eenheid. Die terugkeer (al was dit tydelik) van beurtkrag het tot effens hoër koerse en 'n swakker rand gelei.

Voortgesette sentrale bank aankope het die goudprys na 'n nuwe hoogtepunt gestoot aangesien dit die maand met 'n 7%-opbrengs in Amerikaanse dollar terme afgesluit het. Olie het die maand effens hoër afgesluit (2.8% op), maar is steeds laer as wat dit 'n jaar gelede was.

MARKINDEKSE¹

31 JANUARIE 2025

	3 maande	12 maande	5 jaar ²
(Alle opbrengste in rand tensy anders aangedui)			
SA aandele (JSE indeks van alle aandele)	1.1%	19.6%	13.1%
SA eiendom (S&P SA Reit indeks)	-2.5%	21.3%	2.8%
SA effekte (SA indeks van alle effekte)	3.1%	16.9%	9.4%
SA kontant (STeFI)	2.0%	8.5%	6.2%
Globale ontwikkelde aandele (MSCI wêreldindeks)	11.5%	22.4%	17.7%
Ontluikende mark-aandele (MSCI indeks vir ontluikende markte)	3.6%	15.8%	8.1%
Globale effekte (Bloomberg Barclays globale indeks van alle effekte)	4.3%	0.6%	2.3%
Rand/dollar ³	5.6%	0.4%	4.5%
Rand/sterling	2.1%	-2.1%	3.2%
Rand/euro	1.1%	-3.9%	3.1%
Goudprys (USD)	2.7%	37.3%	12.2%
Olieprys (Brent ru-olie, USD)	4.9%	-6.1%	5.7%

1. Bron: Factset

2. Alle prestasiesyfers vir meer as 12 maande word geannualiseer.

3. 'n Negatiewe syfer impliseer dat minder rande per Amerikaanse dollar betaal word, so dit dui op 'n versterking van die rand.

EN TOE KOM DEEPSEEK

(’n Gevallestudie oor die mag van die ekonomie)

“It is not the size of the dog in the fight, but the size of the fight in the dog.”


Mark Twain

Ekonomie, soos die Oxford-woordeboek dit verduidelik, is die kennis van die produksie, verbruik en oordrag van rykdom. In wese is dit die proses waardeur ondoeltreffendhede geïdentifiseer word en met meer doeltreffende oplossings vervang word. Dit lei dan tot die oordrag van rykdom van die eenaar van die relatief ondoeltreffende bate/proses/produk (kom ons noem dit die oplossing) na die eenaar van die relatief meer doeltreffende weergawe.

In die laaste week van Januarie het DeepSeek, ’n Chinese kunsmatige intelligensie (KI)-firma, hierdie definisie duidelik gedemonstreer. Een van die relatiewe ondoeltreffendhede in die huidige kunsmatige intelligensie-wedloop is die koste van verwerkingseenhede (rekenaarskyfies) en die enorme hoeveelheid elektrisiteit wat nodig is vir die werking van hierdie skyfies. Dit word dikwels as ’n hindernis beskou wat baie potensiele mededingers ontmoedig om aan die wedloop deel te neem.

Soos dinge tot nou was (of ten minste tot 27 Januarie), is dit baie duur om die beste KI-modelle op te lei. OpenAI, Anthropic en ander maatskappye spandeer tans miljarde dollars net aan rekenkrag en prosesse. Hulle benodig enorme datasentrums met duisende grafiese verwerkingseenhede (USD 40 000 per eenheid). Dit is soos om ’n hele kragstasie nodig te hê om een fabriek te bedryf.

Maar, toe daag DeepSeek op en sê: “Wat as ons dit teen ’n fraksie van die koste kan doen?” Anders as Trump het hulle nie net gepraat nie, hulle het dit gedoen. In baie take is hul modelle gelykstaande of selfs beter as GPT-4 en Claude. Die KI-wêreld moes eenvoudig kennis neem:



Soos op 1 Februarie 2025 in die Daily Maverick gepubliseer. Hergebruik met die ontwerper se toestemming.

DeepSeek het dit reggekry deur alles van voor af te herbedink en herevalueer. Konvensionele (ons gebruik hierdie woord in die breedste sin) KI is soos om elke getal met 32 desimale plekke te skryf. Die produkontwikkelaars by DeepSeek het gesê: “Wat as ons net 8 gebruik? Dit is steeds akkuraat genoeg!” Skielik kon hulle die miljarde berekening met 75% minder rekenkrag doen.

Hulle het boonop ’n “multi-token”-stelsel ontwerp. Gewone KI lees soos ’n sesjarige: “Die... kat ... sit ...” DeepSeek lees hele frases gelyk. Dit het hul verwerkingspoed met 100% verhoog en is 90% so akkuraat. Wanneer jy besig is om miljarde woorde te verwerk, maak dit beslis ’n verskil.

Hulle het verder ook ’n slim “kennerstelsel” ontwikkel. In plaas daarvan om een massiewe KI-entiteit alles te probeer leer (soos om een persoon ’n aktuaris, rekenmeester en prokureur te probeer maak), het hulle gespesialiseerde “kenners” geïmplementeer wat net wakker word wanneer hul spesifieke hulp benodig word. Tot nou en in die geval van tradisionele (weereens, ’n baie breë toepassing van die term) modelle, was al 1.8 biljoen parameters 24 uur per dag, sewe dae per week aktief. Hierdie nuwe benadering van DeepSeek gebruik (net) 671 miljard parameters waarvan minder as 40 miljard gelyktydig aktief is. Dit is soos om ’n enorme span tot jou beskikking te hê, maar net die kenners wat jy regtig nodig het vir ’n taak in te roep.


Die resultate is, om die minste te sê, beduidend: KI-opleidingskoste is meer as 90% laer. Die aantal grafiese verwerkingseenhede wat benodig word, is 98% minder. Dit kan op die grafiese verwerkingseenhede vir aanlynspelletjies loop in plaas van die veel duurder datasentrumhardeware.

EN TOE KOM DEEPSEEK voortgesit


“Is daar 'n vangplek?” sal ekonomiese teorie wil weet. Dit is die beste deel – dit is alles oopbrontegnologie. Enigiemand kan DeepSeek se werk nagaan. Dit is 'n openbare kode en die tegniese artikels verduidelik al die nuanses. Dit is nie iets magies wat uit die niet verskyn het nie, net baie slim ingenieurswese.

Vir die grootste maatskappy ter wêreld (ten minste tot by daardie punt), Nvidia, kan dit 'n groot struikelblok wees. 'n Groot deel van hul besigheidsmodel is gebou op die verkoop van duur grafiese verwerkingseenhede met kolossale winsmarges. As meer maatskappye die KI-mark kan betree met gewone grafiese verwerkingseenhede vir aanlynspelletjies, veroorsaak dit 'n probleem. Dit is 'n klassieke ontwrigtingsverhaal: Bestaande maatskappye optimaliseer die bestaande prosesse, terwyl die nuwe ontwrigters eerder die fundamentele benadering herbedink. DeepSeek het gevra: “Wat as ons dit net slimmer doen in plaas van om nóg meer hardeware te gebruik?”

Die onmiddellike impak op die mark was enorm. Nvidia se aandeelprys het met byna 20% geval (meer as 'n halfbiljoen dollar) en ten tye van die skrywe was dit steeds 10% laer as 'n paar dae voor DeepSeek hul aankondiging gemaak het:



'n Langer termyn-belegger sal egter ook opmerk dat dit nie die eerste keer is wat Nvidia struikelblokke teëkom wat aanvanklik hul aandeelprys laat tuimel nie. Op die langer termyn was dit 'n fantastiese belegging. In die laaste vyf jaar het die S&P 500-indeks verdubbel (met 'n skaflike groeikoers van 14% per jaar in USD). Nvidia? Twintig keer sterker oor dieselfde tydperk:



Daar skuil 'n paar lesse in hierdie storie.

Eerstens, markte is onstuimig aangesien nuwe inligting voortdurend beskikbaar is. Op dieselfde dag wat iemand dink dis 'n goeie idee om 'n aandeel te koop, is daar iemand aan die ander kant wat reken dat vandag die dag is om te verkoop.

Tweedens, dis altyd die moeite werd om te diversifiseer. Vir elke tegnologie-suksesverhaal (soos Nvidia se'n), is daar honderde mislukkings. Dit is geensins eenvoudig om hulle van mekaar te onderskei nie. As dit maklik was, sou almal dit gedoen het.

Derdens is dit belangrik om altyd 'n betroubare adviseur wat soortgelyke gebeure al voorheen gesien het, te raadpleeg. Wysheid kom deur óf uit jou eie foute te leer, óf uit die foute van ander.

Laaste gedagtes: Dit voel soos een van daardie oomblikke waarop ons later as 'n keerpunt sal terugkyk. Soos toe persoonlike rekenaars hoofraamrekenaars minder relevant gemaak het, of toe wolkrekenaarnetwerke ons digitale wêreld totaal verander het. KI gaan waarskynlik aansienlik meer toeganklik en baie goedkoper word. Tensy ons verkeerd is ...

Disclaimer

The information provided is of a general nature only and does not take into account investor's objectives, financial situations or needs. The information does not constitute financial product advice and it should not be used, relied upon or treated as a substitute for specific, professional advice. It is, therefore, recommended that investors obtain the appropriate legal, tax, investment and/or other professional advice and formulate an investment strategy that would suit the investor's risk profile prior to acting on such information and to consider whether any recommendation is appropriate considering the investor's own objectives and particular needs. Although the information provided and statements of fact are obtained from sources that Analytics Consulting considers reliable, we do not guarantee their accuracy, completeness or currency and any such information may be incomplete or condensed. No guarantee of investment performance should be inferred from any of the information contained in this document. Collective Investment Schemes in Securities ("CIS") are generally medium to long term investments. The value of participatory interests may go down as well as up and past performance is not necessarily a guide to future performance.

Any opinions, statements and information made available, whether written, oral or implied are expressed in good faith. Views are subject to change, without prior notice, on the basis of additional or new research, new facts or developments. All data is in base currency terms unless otherwise indicated, and sourced as disclosed.

Financial Services Providers: Portfolio Analytics Consulting (Pty) Ltd; FSP No 18490 and Analytics Consulting 1 (Pty) Ltd; FSP No 47564; Tel: (021) 936 9500; Website: www.analyticsconsulting.co.za